# DIE SKIETLOOD

134e Uitgawe 20 April 2018
saam met Koersvas 134

**NGB Artikel 21**

Die Nederlandse geloofsbelydenis se Artikel 21 moet verstaan word binne die groter raamwerk van die belydenis se beredenering. Die skepping van die mens, die sondeval en die gevolge daarvan is reeds bespreek. Daarna het die fokus verskuif na die erfsonde (om die mens se ellendige toestand aan te dui). Na bespreking van die erfsonde, het die kollig geval op God en Sy ewige verkiesing van die mense wat gered is. Nadat God se besluit om mense te red bekend gemaak is, het die fokus vervolgens verskuif na die belofte wat God in hierdie verband gemaak het. Die menswording van die Tweede Persoon was daarna bespreek om aan te dui hoe God die belofte gestand doen. Die praktiese implikasie van die menswording is in die artikel bespreek wat gefokus het op die twee nature van Jesus Christus. Daarna is in artikel 20 aangedui dat God se regverdigheid (geregtigheid) en God se genade duidelik word in die menswording van Christus. Die volgende paar artikels van die NGB gaan nou die genade vanuit verskillende perspektiewe toelig. In die eerste instansie gaan aandag geskenk word aan genade as versoening deur Christus. Artikels 20 en 21 is met ander woorde nou met mekaar verbind. Artikel 20 vertel van Jesus wat voldoen aan God se geregtigheid en so die uitverkorenes red. Artikel 21 fokus nou steeds op God se geregtigheid, maar dan vanuit 'n ander perspektief naamlik die middelaarswerk van Christus.

Dit is ook goed dat ons in ons nadenke oor die openbaring telkens eers by God en God se handelinge stilstaan. In wat volg, moet telkens in die gedagte gehou word dat die stellings gemaak word teen die agtergrond soos nou pas aangedui. Lesers moet in gedagte hou dat daar meer as een vertaling vanuit die oorspronklike Frans beskikbaar is. Die vertaling wat gebruik word in hierdie kommentaar is die een wat op die GHG se webwerf gebruik word. Die artikel in sy geheel lui as volg:

**Artikel 21: DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS**

**Ons glo dat Jesus Christus - kragtens 'n eed - 'n ewige Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek. Hy het Homself in ons naam voor sy Vader gestel om sy toorn met volledige betaling te stil deur Homself aan die kruishout te offer en sy kosbare bloed tot afwassing van ons sondes uit te stort soos die profete dit voorspel het. Want daar staan geskrywe dat die straf wat vir ons die vrede aanbring, op die Seun van God was, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom; dat Hy soos 'n lam na die slagplek gelei en by die misdadigers gereken is' (Jesaja 53:5, 7, 9); dat Hy as 'n misdadiger deur Pontius Pilatus veroordeel is al het dié Hom eers onskuldig verklaar. Hy het teruggegee wat Hy nie geroof het nie (Psalm 69:5); Hy het na liggaam en siel as regverdige vir onregverdiges gely (1 Petrus 3:18); Hy het die verskriklike straf wat ons sondes verdien, ervaar, sodat sy sweet soos bloeddruppels**

**geword het wat op die grond val (Lukas 22:44), en Hy het uitgeroep: 'My God, my God, waarom het U My verlaat' (Matteus 27:46).**

**Dit alles het Hy ter wille van die vergewing van ons sondes gely. Ons sê daarom tereg saam met die apostel Paulus dat ons met julle oor niks anders praat nie as oor Jesus Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde (1 Korintiërs 2.2); dat ons alles as waardeloos beskou, want om Christus Jesus, ons Here, te ken oortref alles in waarde (Filippense 3:8); dat ons volkome vertroosting in sy wonde vind en dat ons nie enige ander middel hoef te soek of uit te dink om ons met God te versoen nie as slegs hierdie een offerande wat net een maal gebring is, waardeur die gelowiges vir altyd volmaak word (Hebreërs 10:14).**

**Dit is dan ook die rede waarom Hy deur die engel van God Jesus, dit is Verlosser, genoem is, want Hy sou sy volk van hulle sondes verlos (Matteus 1:21).**

Die kommentaar sal in gewone skrif volg op die NGB bewoording in **vetdruk**. Aanhalings uit ander bronne word in *skuinsdruk* gedoen. Die versoening deur Jesus Christus dui op die enigste weg waarlangs versoening bewerkstellig is. Die klem gaan in hierdie bespreking op God se optrede val, in die besonder die optrede van die Tweede Persoon van die Triniteit.

**DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS**

**Ons glo dat Jesus Christus - kragtens 'n eed - 'n ewige Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek.**

Die eed vind ons in Psalm 110:4: "*Die Here het 'n eed afgelê en Hy sal dit nie herroep nie: "Jy sal altyd priester wees in die priesterorde van Melgisedek*." In die Nuwe Testament word hierdie bewering gestaaf deur Hebreërs 7:15-17: "*Die saak word nog duideliker as ons daaraan dink dat die ander priester wat te voorskyn tree, ooreenkom met Melgisedek, deurdat Hy priester word nie deur die bepaling van die wet oor menslike afstamming nie, maar deur die krag van onvernietigbare lewe. Van Hom word getuig: "<u>Jy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek</u>*." Die vraag is nou na die betekenis van hierdie stelling. Wat is die priesterorde van Melgisedek?

Om die vraag te kan antwoord, moet ons eers 'n oomblik stilstaan by die sogenaamde drie ampte van Christus; te wete priester, koning en profeet. Calvyn (Boek 2 hoofstuk XV) gee aan die saak aandag. Hy stel dat die amp wat God aan Christus gegee het uit drie dele bestaan. Christus is aan ons gegee tot profeet, tot koning en tot priester. God het eers deur die profete tot Sy kinders gespreek, maar in die laaste tyd het God gespreek deur Sy geliefde Seun (Hebreërs 1:1).

Die naam "Christus" (Gesalfde) is reeds aanduiding van hierdie drie ampte van Jesus. In die Ou Testament-bedeling het God die profete en veral priesters en konings laat salf met heilige olie. Jesus is gesalf tot ampswerk deur die Heilige Gees. Jesaja 61:1-2 stel: " *Die Gees van die Here my God het oor my gekom; die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood, Hy het my gestuur om dié wat moedeloos is, op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir dié wat opgesluit is, om aan te kondig dat die tyd gekom het*

*waarop die Here genade betoon, die dag waarop ons God sy vyande straf maar almal wat treur, vertroos*". Jesus is meer as net die verkondiger van die genade van God. Hy is meer as die ander verkondigers omdat Hy die genade ook bewerkstellig het.

Jesus se koningskap is in die eerste instansie 'n geestelike heerskappy, met die oog op die ewige ryk van God. Hierdie wêreld se sonde en die Satan sal oorwin word, Jesus is ewige Koning. Jesus is deur die Gees ook gesalf tot priester. Hy is die een wat in heiligheid voor God kan verskyn. Hy is die een wat die volmaakte offer kan bring. Hy is meer nog, Hy is die volmaakte offer. In Hom tree ons die hemelse heiligdom binne en is ons lofsange en gebede voor God aanneemlik. Aldus Calvyn. Teen hierdie agtergrond kan ons dan vra na die priesterorde van Melgisedek.

Daar heers groot onsekerheid oor presies wie en wat Melgisedek was. Melgisedek se naam kom twee maal in die Ou Testament voor en 'n hele paar keer in Hebreërs. Die naam kan op drie maniere interpreterend vertaal word, te wete; "My koning is Sedek [afgod]", "Milki [afgod] is regverdig" of "my koning is regverdig/ geregtigheid". In alle waarskynlikheid was hy 'n Kanaänitiese koning van Salem (Jerusalem). Ons lees in Genesis 14:18-20 " *Melgisedek, koning (**מֶלֶךְ**) van Salem en priester (**כֹּהֵן**) van God die Allerhoogste (**עליון לאל**), het vir Abram kos en wyn gebring en hom geseën: "Mag Abram geseën word deur God die Allerhoogste(**עליון לאל**), Skepper van hemel en aarde. Geloof sy God die Allerhoogste! Hy het jou vyand in jou mag oorgegee." Toe het Abram vir Melgisedek 'n tiende van alles gegee.*" Melgisedek was as koning ook gesalf tot hoogste priester, 'n amp wat reeds bestaan het voordat die amptelike kultus deur God ingestel is. Ons dra nie kennis van die riglyne en voorskrifte wat gegeld het voor die Wet deur Moses aangekondig is nie.

Ons kan wel aanvaar dat God aan mense gekommunikeer het hoedanig die regte offer moet wees. Ons lees reeds tydens Kain en Abel se geskiedenis dat die een offer God welgeval het. Abram het ook altare gebou en God aanbid. Dit sal suiwer spekulasie wees om te probeer aandui hoedanig die rol van Melgisedek in daardie situasie uitgespeel het. Tog het Abraham die seën ontvang en sonder probleem die tiende gegee. Al weet ons niks van die bedeling nie, was dit vir Abraham 'vanselfsprekend'. Uit die Bybel blyk dit dat hierdie Melgisedek 'n priester was wat kon seën en geregtig was op 'n tiende as dankoffer. Dit is duidelik dat die diens aan God anders daar uitgesien het voordat die Here Sy heilsplan deur Israel verder ontvou het. Die tradisie rondom Melgisedek het gemaak dat die skrywer van die Hebreër-brief 'n verwysing maak wat ons meer metafories moet verstaan.

Dit sal ook goed wees om op hierdie stadium lesers te herinner aan die feit dat God se handelinge wyer as Israel gestrek het. Meer as net die Israeliete het Goddelike krag ontvang en opdragte gehad. Ons lees van Bileam dat hy 'n gawe van God ontvang het om mense en volkere te mag seën of vervloek. Numeri 22:6 "*Kom dan tog nou, vervloek hierdie volk vir my, want hulle is magtiger as ek. Miskien sal ek onder hulle 'n slag kan*

*slaan en hulle uit die land verdrywe. Want ek weet, die een wat jy seën, is geseënd; en die een wat jy vervloek, is vervloek*." Bileam konsulteer eers met die Here en kry dan die opdrag om nie Israel te vervloek nie. Die priesterorde van Melgisedek kan dan ook teen hierdie agtergrond verstaan word.

Die tweede verwysing is in Psalm 110:4 en dit is reeds hierbo aangehaal. Dit is duidelik dat die verstaan van die priesterorde van Melgisedek die Levitiese orde oortref. Dit oorspan die priesterordes van die volk Israel omdat dit voor hierdie ordes ingestel is. Die orde van Melgisedek is met ander woorde 'n ewige orde wat hoër geag moet word as die gesag en werking van die nasate van Aäron. Hierdie verwysing in Psalm 110 word dan ook as Messiaanse teksverwysing verstaan.

In die Nuwe Testament lees ons van hierdie orde in Hebreërs 5:6,10 "*En op 'n ander plek sê Hy: "Jy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek. ... en is Hy deur God verklaar tot Hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisedek.",* Hebreërs 6:20 "*Daar het Jesus, ons Voorloper, ter wille van ons ingegaan, en Hy is vir ewig Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek*.", Hebreërs 7:1 " *Melgisedek was koning van Salem en priester van God die Allerhoogste. Dit is Melgisedek wat vir Abraham tegemoet gegaan en hom geseën het toe Abraham op pad terug was nadat hy die konings verslaan het," ...10-11 " want Levi was nog in die liggaam van die stamvader toe Melgisedek vir Abraham tegemoet gegaan het. Dit was in samehang met die Levitiese priesterskap dat die volk die wet van Moses ontvang het. As hierdie priesterskap volmaaktheid kon bewerk, waarom was dit dan nog nodig dat 'n ander priester volgens die priesterorde van Melgisedek aangestel moes word, van wie daar nie gesê word dat hy 'n priester volgens die orde van Aäron sou wees nie?" ...15 " Die saak word nog duideliker as ons daaraan dink dat die ander priester wat te voorskyn tree, ooreenkom met Melgisedek," ... 17 " Van Hom word getuig: "Jy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek.*"

Dit is uit die Nuwe Testament gedeeltes ook duidelik dat die priesterorde van Melgisedek 'n orde voor en beter as die Levitiese lyn was. God het hierdie priesters self aangestel en hulle werk word as van hoë roeping en gehalte verstaan. Ons weet van net twee; te wete Melgisedek en Jesus Christus. Daar is navorsers wat beweer dat Melgisedek as die tipologiese heenwyser na Christus verstaan moet word. Jesus se middelaarswerk moes meer wees as 'n Levitiese offerande, en daarom is Hy priester van die hoogste orde. Hierdie offer was volmaak. Ons hoef nie meer diere se bloed te stort, ons kinders in 'n vulkaan te gooi of ander menslike offerandes te bring nie. Ons hoef nie seremonies te volg om ons rein voor God te maak nie. Ons hoef nie met 'n verwronge leer oor die Nagmaal Christus telkens aan die altaar offer nie. Ons kan voor God verskyn juis omdat die hoogste priester die volmaakte offer gebring het en ons nou vrye toegang tot God het.

Van die gewone orde van priester (Ou Testament – ***כֹּהֵן,*** Nuwe Testament -

***ἱερεύς***) weet ons heelwat. Waar profete namens God met die volk gepraat het, was dit die taak van die priesters om eerstens namens die volk by God in te tree. 'n Priester is deur God aangestel uit die geledere van mense. Hy was met godsdienstige sake besig en in die besonder was dit die priesters wat die offers voor God gebring het namens die volk. Dit was in die besonder ook die priester se voorreg om die volk te mag seën (Numeri 6:23-27 *"So moet julle die kinders van Israel seën deur vir hulle te sê: Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee. So moet hulle dan my Naam op die kinders van Israel lê; en Ék sal hulle seën*." Die Ou Testament het Jesus Christus se priesteramp ook aangedui in Psalm 110 (reeds aangehaal) en Sagaria 6:13 "*Ja, Hy sal die tempel van die HERE bou, en Hy sal majesteit verkry en sit en heers op sy troon; ook sal Hy 'n priester wees op sy troon, en die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan*". Hierdie Messiaanse teksverse kan eers waarlik verstaan word in die lig van die gebeure wat in die Nuwe Testament vertel word.

Daar is heelwat teorieë oor die aard van die offerwerk wat priesters gedoen het. Daar is mense wat offers verstaan as geskenke, as eerbetoon, as simboliese handeling. Die gedagte van versoening is egter duidelik die enigste wat sin kan maak van al die verskillende offers wat beskryf word. Dit maak ook sin teen die agtergrond van die sondeval; offers versoen God en mens met mekaar. As priester moes Jesus versoening bewerkstellig tussen God en mense.

As priester na die orde van Melgisedek, het Jesus die perfekte offer voorberei (Homself deur Sy lewe en gehoorsaamheid) en daardie perfekte offer voor die Here gebring (deur toe te laat dat Hy onskuldig gekruisig word).

Dit is uit al die gedeeltes in Hebreërs duidelik dat die uitnemendheid van Jesus Christus beklemtoon word. Die verwysing na die orde van Melgisedek is met ander woorde nog '"n beklemtoning van die uitnemende aard van Jesus se werk.

In die volgende uitgawe van Die Skietlood sal daar verdere aandag geskenk word aan Artikel 21 van die NGB.